Publication: Beeld
Date: Wednesday, April 17, 2019
Page: 10

# Mynbou: Omgewingsaktiviste vrees vir hul lewe, sê verslag

**Elise Tempelhoff**

Aktiviste in gemeenskappe wat deur mynboubedrywighede in Suid-Afrika geraak word, vrees meestal vir hul lewe en kan hulle nie op die departement van minerale bronne of van omgewingsake, of die polisie beroep om hulle te beskerm nie.

Luidens "We Know Our Lives are in Danger," 'n gesamentlike verslag deur vier nieregeringsorganisasies (NRO's), die Sentrum vir Omgewingsregte (CER), groundWork, Human Rights Watch en Earthjustice, word aktiviste geïntimideer, geteister en aan geweld blootgestel wanneer hulle hul kommer oor omgewingsagteruitgang en gesondheidsprobleme te kenne gee.

Drie gemeenskapsaktiviste is sedert 2016 vermoor.

Die verslag, met die subtitel "Environment of Fear in South Africa's Mining Affected Communities", is gister in Johannesburg by Konstitusieheuwel bekend gestel. Aktiviste van oor Suid-Afrika heen het die bekendstelling bygewoon.

In die verslag word bevind die regering laat gemeenskappe in die steek.

Volgens Sylvia Sebina van Lephalale het mense se lewe "radikaal" verander sedert die Medupi-steenkoolkragstasie in die gebied gebou is. Hul water het feitlik opgeraak en hul lug is erg besoedel. Die gemeenskap word omring deur steenkoolmyne wat beloftes van 'n beter lewe aan hulle gemaak het. Hul lewenshalte gaan egter net agteruit.

Andries Mocheko, ook van Lephalale, sê ál manier waarop gemeenskappe hul ontevredenheid oor mynbou in die land te kenne kan gee, is deur protesoptogte wat plaaslike owerhede meestal goedkeur. Dit gebeur dikwels dat die polisie mense aankeer en in die tronk gooi op die dag van die optog. Hy was al self in so 'n situasie. Hy en nog lede van sy gemeenskap was op 'n keer twee dae in die tronk nadat die polisie hulle daarvan beskuldig het dat hulle openbare geweld veroorsaak het. Hy het beklemtoon dit was 'n vreedsame optog.

"Die polisie het ons later vrygelaat en gesê hulle het te min bewyse om ons aan te kla," sê Mocheko. Hy meen die regering en mynhuise is kop in een mus.

Katharina Rall, navorser van Human Rights Watch, sê die feit dat die polisie mense in Suid-Afrika aankeer wanneer hulle protes oor omgewingsagteruitgang aanteken, boesem vrees by gemeenskappe in. Sy sê dit is vreemd dat Suid-Afrikaners toestemming moet kry om vreedsaam te protesteer wanneer hul grondwetlike regte vertrap word.

Matome Kapa, prokureur van die CER, sê die reg van aktiviste in Suid-Afrika om vreedsaam te protesteer wanneer hul eiendom en lewe bedreig word, "is in ernstige gevaar".

Die NRO's het met die opstel van die verslag tussen 2013 en 2018 met 100 aktiviste, gemeenskapsleiers, omgewingsgroepe, regslui, die polisie en plaaslike owerhede van KwaZulu-Natal, Limpopo, Noordwes en die Oos-Kaap onderhoude gevoer. Hulle het briewe aan 11 mynhuise in die provinsies gestuur en reaksie op bewerings gevra. Net vier van die mynhuise het gereageer. Die Mineraleraad van Suid-Afrika is ook om kommentaar genader en het laat weet hy is nie bewus van enige bedreigings teen gemeenskapsaktiviste in die omgewing waar sy lede werksaam is nie.

Jonas Ben Sibanyoni, deeltydse kommissaris van die Menseregtekommissie, verwys in sy bespreking van die verslag na die "hoëprofielsaak" in Xolobeni, in die Oos-Kaap, waar die omgewingsaktivis, Sikhosipi "Bazooka" Rhadebe in Maart voor sy huis doodgeskiet is nadat hy kommer uitgespreek het oor die Australiese mynhuis Transworld Energy and Mineral Resources, wat titaan in die duine by die Wildekus wil myn. "Dit is verbasend dat die polisie drie jaar ná die moord nog geen verdagtes aangekeer het nie," sê Sibanyoni.


Ramin Pejan, regsverteenwoordiger van Earthjustice, sê dit het uit die navorsing duidelik geblyk plaaslike owerhede en mynhuise wil mense se reg om te protesteer, onderdruk.



Sylvia Sebina



Katharina Rall



Jonas Ben Sibanyoni

## Nóg bevindings

- Gemeenskappe word selde gekonsulteer wanneer 'n mynhuis op hul voorstoep steenkool begin uithaal;
- Ondanks beloftes van werk, kry baie min lede uit plaaslike gemeenskappe werk by myne in hul omgewing;
- Waterskaarste en -besoedeling en lug- en geraasbesoedeling is gemeenskappe se grootste bron van kommer;
- Mynhuise beskuldig gemeenskapsaktiviste dikwels daarvan dat hulle teen ontwikkeling gekant is en brandmerk hulle as moeilikheidmakers;
- Deurdat die regering gemeenskappe in die steek laat, is gemeenskappe dikwels verplig om hof toe te gaan, maar die meeste gemeenskappe het nie die geld daarvoor nie;
- Gemeenskappe is woedend en dring daarop aan dat die regering na hul belange en nie na dié van die mynhuise omsien nie.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.